# 4 MAART 2018

**09:00 Erediens**
**Immanuel van Tonder**
*"Daar is U seun... Daar is jou moeder"* Joh. 19:27

**09:00 Kategese Gr 1 – 6** (begin in die kerk)

**09:00** kleuterkerk

*Almal welkom!*

**09:30 Lynnwood Oord-diens – Nagmaal**
**Johan Jooste**

**18:00 Aanddiens & Pelgrimsgroepe** (Snr. Kategese)
**onthou asseblief om jou boekie en pen te bring**
**Fay van Eeden**

**19:00 Belydenisklas in A21 (Jeugsentrum)**
*Kursus #2: Wie is ek?* Grootgroep

# 11 MAART 2018

**09:00 Erediens**
**Peet Crous**
*"...My God, My God, waarom het U My verlaat?"* Matt.27:46

**09:00 Kategese Gr 1 – 6** (begin in die kerk)

**09:00** kleuterkerk

*Almal welkom!*

**18:00 Aanddiens & Pelgrimsgroepe** (Snr. Kategese)
**Fay van Eeden**

**19:00 Belydenisklas in A21 (Jeugsentrum)**
*Kursus #3: Wie is ek?* Grootgroep

## Ses-weke-se-gee (Lydenstyd-projek):

Almal in die gemeente, jonk en oud, word hartlik uitgenooi om tydens lydenstyd elke week iets saam te bring vir 'n goeie doel! Die items, met die projekte wat die skenkings sal ontvang langsaan aangedui, is as volg:

Lydensweek 1 (18 Februarie): 'n kledingstuk ten bate van die CMR.
Lydensweek 2 (25 Februarie): Speelgoed (in besonder opvoedkundig) vir Ubuhle Kleuterskool.
Lydensweek 3 (4 Maart): *Toiletries* vir Wespoort.
Lydensweek 4 (11 Maart): Nie-bederfbare produkte vir Wozanibone Skool.
Lydensweek 5 (18 Maart): Nie-bederfbare produkte vir Harmonie-Oord.
Lydensweek 6 (25 Maart): Skryfbehoeftes vir Ya Bana.

**Merk** asseblief die produkte **duidelik** wat vir die **Lydenstyd-projek** bedoel is en plaas dit in die wit kas in die portaal. Byvoorbaat baie dankie. U meelewing word opreg waardeer!

# Die week se kalenderaktiwiteite

| | |
|---|---|
| **Maandag:** | **Ekologie Bedieningvergadering** 17:00 (Kerkkantoor). |
| **Dinsdag:** | **Bybelstudie** 08:15 (Nerina Deale, Elveramstraat 51, Lynnwood Glen, 012 361 1896) – Peet Crous 012 348 4004 / 079 893 5572.<br>**Geen Bybelstudie** 08:30 (Kapel) – Eric Scholtz – weer 13 Maart 2018.<br>**Tabita Naaldwerkklasse** 14:00 (Kerksaal) – Selma du Preez 082 448 6413.<br>**Gemeentevroue Groep 11** 16:30 (Koinonia) – Immanuel van Tonder oor *'Geduld'.*<br>**Eiendoms Bedieningvergadering** 18:00 (Kerkkantoor).<br>**Nuwe Generasie Bybelskool** 19:00 (Sjêk) – Jakkie Strachan 084 547 1660. |
| **Woensdag:** | **Ratanang-Vroueaksiegroep vir huishulpe** 14:30 (Koinonia) – Annatjie Pienaar 072 146 8212.<br>**Studente-selgroep** 19:00 (Sjêk) – Jeanri Bezuidenhout 074 893 2836.<br>**"Young couples"-omgeegroep** 19:00 – Fay van Eeden 083 478 0854. |
| **Donderdag:** | **Bybelstudie** 09:30 (Lynnwood Oord).<br>**Tabita Naaldwerkklasse** 14:00 (Kerksaal) – Selma du Preez 012 361 1626 / 082 448 6413.<br>**Jong Volwasse-omgeegroep** 19:00 (Sjêk) – Fay van Eeden 083 478 0854. |
| **Vrydag:** | **Bybelstudie** 08:00 (Kapel) – Eric Scholtz 012 361 4219 / 082 856 5959.<br>**Gebedsgroep** 09:30 (B5). Kontak: Hanthi Jacobs 012 361 9058 / 083 293 0263 of Peet Crous 012 348 4004 / 079 893 5572 met gebedsversoeke. |

## Voorbidding:

*Gert Venter,* Selrose Park 113, Griffithsstraat 101, Equestria, 012 807 3386 – Wilgers Hospitaal.
*Roland Dam,* Strubenkop 369, Lynnwood, 082 606 0213 – Groenkloof Hospitaal.
*Cecilia Röder, Magda Steenkamp (dogter) en familie,* Monicaweg 453B, Lynnwood, 082 877 3523 – Ludwig oorlede.
*Herman Groenewald,* Dawnlaan 482, Lynnwood, 083 415 4764 - hospitaal.
*Pierrette Hamman,* Thatcher's Fields 248, Lynnwood, 076 843 5401 – herstel na operasie.
*Zach Joubert,* St Peter's Garden Estate 2B, Garsfontein, 012 361 6746 – herstel (Lynnmed Kliniek).

## Selfoon-versoek:

Het jy moontlik 'n ekstra selfoon wat foto's kan neem? Kontak Juan 084 588 4948 of Peet 079 893 5572.

## Wespoort se Paastee:

Paastee saam met dr. Stephan Joubert.
Op 15 Maart 2018 om 08:30 vir 09:00 in Lynnwood Gemeente se kerksaal. Koste R150 pp.
Navrae: Dollie Verhage 082 821 5859.

## Survivorkamp - 16 tot 18 Maart!

Is jy in graad 8 of 9? Dan is jy gekies om deel te neem aan Lynnwood se heel eerste Survivorkamp! Vereiste vir deelnemers: uithouvermoë en baie energie. As jy dink dat jy aan hierdie vereistes voldoen; laat jou ouers 'n kampvorm by die info-toonbank voltooi en gee dit saam met jou geld in by die info-toonbank of by jou pelgrimsgroepleier. Aansoeke sluit vandag. Navrae: Fay by 083 478 0854.

## Omgeegroepe:

Wil u inskakel by 'n omgeegroep? Bestaande omgeegroepe kan boekies oor die *Kruiswoorde* by die Info-toonbank of kerkkantoor @R40 koop.

## Dankoffers:

Oorweeg asseblief biddend 'n dankoffer d.m.v. een van die volgende wyses: koevert, aftrek- of debietorder, elektroniese oorplasing NG Lynnwood, ABSA Takkode: 632005, Tjekrekening nr. 540 580 014 (gebruik asseblief u Voorletters en Van as verwysing en e-pos bewys van betaling aan finansies@nglynnwood.co.za of *Snap Scan*.

Snap here to pay
SnapScan

# Kontak van die week: Pontius Pilatus. Of wie?

In die Twaalf Artikels tref ons behalwe die Naam "Jesus" ook nog die name aan van Jesus se ma, Maria, en – Jesus se moordenaar: Pilatus. Elke Sondag eggo dit om die aarde, byna soos ’n plaat wat vasgehaak het: "… wat gely het onder Pontius Pilatus, wat gely het onder Pontius Pilatus, wat gely het onder Pontius Pilatus".

Dit was nie 'n moord in die gewone sin van die woord nie. Jesus se dood was nie 'n onwettige daad in die sin dat Hy deur een of ander misdadiger om die lewe gebring is nie. Indien ons dit moord wil noem, moet ons dit nader kwalifiseer as 'n geregtelike moord. Sy dood was 'n amptelike daad, gepleeg binne die trotse tradisie van die Romeinse reg.

Daarom is dit baie vreemd dat die Christendom deur die eeue telkens probeer het om die Jode alleen verantwoordelik te hou vir Jesus se dood. So is die spotnaam "Godsmoordenaars" aan die Jode toegeken. En in die loop van die geskiedenis is daar op grond van hierdie opvatting verskriklike dinge aan die Jode gedoen. Die moord op Jode tydens die kruistogte, die Spaanse Inkwisie en die Tweede Wêreldoorlog is ondermeer hierdeur aangevuur. En dit terwyl ons elke Sondag bely: "… wat gely het onder *Pontius Pilatus"*.

Niemand wat op hoogte van die gebeure om die kruisiging is, sal 'n sterk behoefte voel om die Jode te verontskuldig nie. Jesus is immers nie net deur die "wêreldlike regters" (soos een van die ander belydenisskrifte hulle noem) verhoor nie, maar ook deur die "kerklike regters". En laasgenoemde het nie juis reg en geregtigheid laat "aanrol soos watergolwe" nie (Amos 5:24). In 2013 het ’n Keniaanse regsgeleerde, Dola Indidis, die Wêreldhof in Den Haag gevra om die saak teen Jesus te heropen en onder andere die staat van Israel en Joodse godsdienstige leiers voor die hof te daag, omdat hy hulle aanspreeklik hou vir die onwettige kruisiging van Jesus. Hy het waarskynlik ’n goeie saak beet!

Die punt is egter dat 'n mens die dood van Jesus nie net kan sien as 'n plaaslike Joodse aangeleentheid nie. Die Jood Jesus is ’n wêreldaangeleentheid. Die wêreld moes standpunt inneem teenoor Jesus. Dit het die wêreld ook gedoen – op Golgota. So verstaan, Lukas, die skrywer van die boek Handelinge dit: "Die konings van die aarde het in opstand gekom, en die heersers het saamgespan teen die Here en sy Gesalfde... Herodus en Pontius Pilatus het met die heidennasies en die volk Israel saamgespan teen u heilige Dienaar, Jesus, wat deur U gesalf is" (Hand.4:26,27). Die wêreld staan skuldig aan wat die Nederlandse teoloog F.W.A. Korff die eintlike kern van ons kultuur noem, naamlik moord op God.

In die eietydse uitleg van die Twaalf Artikels wat by die Algemene Sinode van die NG Kerk gedien het, word daar soos volg oor Pontius Pilatus geskryf: "… die verwysing na hom… roep ook assosiasies op van die nag van verraad, en hoe die ganse mensheid tydens dié verhoor saamgespan het om Jesus oor te gee en te kruisig, insluitende die hoogste prestasies waartoe mense in staat is – politiek, regspraak, kultuur, kennis, godsdiens, openbare mening, kerk." Wie dit so sien, verloor belangstelling in die vraag wie nou eintlik vir Jesus se dood verantwoordelik is. So iemand vervang selfs Pilatus se naam met sy eie.

Groete
Eric Scholtz *(Namens die predikantespan)*

Baie welkom aan alle besoekers en nuwe intrekkers. Ontmoet gerus die predikant na die oggenddiens by die liturgiese ruimte. Skryf asseblief ook u naam in die boek in die portaal of skakel die kerkkantoor. Ons wil u graag verwelkom. Besoek ook gerus die info-toonbank na die oggenddiens vir enige navrae.

## EK BIED MY GAWE AAN:

**Naam** _____

**Selfoonnommer** _____ **Landlyn nommer** _____

**E-posadres** _____

**Kort beskrywing van Gawe**

_____

**Terme en Voorwaardes van gawe (bv. X2 mense per week, Maandae)**

_____

_____ _____

**Handtekening** **Datum**

*** Handig asseblief in by die info-toonbank, kerkkantoor of in die mandjie in die portaal.
*** Skakel 065 383 7292 of stuur gerus ook per epos aan helplift@nglynnwood.co.za

# Gemeenskap

**Skolliekamp 2018 Mpumalanga/Gauteng:** Dit is amper weer tyd vir skoliekamp! Ken jy iemand in graad 11 of 12? Dan moet jy hulle persoonlik (of ten minste op facebook 😊) nooi om saam te kamp. Skryf sommer dadelik in by www.skolliekampe.org.za.

**Passiespel by Lady Grey:** Vanaf 29 Maart – 2 April. Navrae: info@minnaartoere.co.za

**Andrew Murray-gemeente** bied 'n *Michelle Veenemans*-konsert op 16 Maart aan. Meer inligting op die web by http://api.ning.com/files/oTzSevfJlPomsRfgfG2lKfzFgUDarFekF7W9goI3OD1GKU-uvYSGHlZd143y0nMhEvH4HGj5ERf5i4Wi133ebs*rTcg4NpjH/MichelleVeenemans16Maart2018.pdf

**Te huur:** Opgegradeerde 2 slaapkamer wooneenheid in Lynnwood. Sentraal geleë in veilige en stil omgewing met pragtige tuin onmiddellik beskikaar. Skakel die eienaar by 084 639 0214 / 074 525 1755 / 012 348 9542.

**CMR Derdepoort:** benodig 'n *Wendyhuis*. Indien u kan help kontak asseblief vir Petro Barnard 012 348 0003.

**Kennisgewingsborde:** Indien u 'n kennisgewing op die borde wil plaas, bring dit asseblief na die kerkkantoor of Info-toonbank – baie dankie vir u samewerking in dié verband.

**Motorwagdonasies:** Houers in die portaal beskikbaar – dankie vir u ondersteuning.

**Byderhand:** Kragonderbrekings: 012 339 9111 (080 111 1556 tolvry) of SMS "power" gevolg deur jou rekeningnommer na 082 612 0333.
Straatligprobleme: 080 111 1556 of e-pos customercarep@tshwane.gov.za.
Slaggate en/of robotte uit: e-pos customercare@tshwane.gov.za.
Water probleme: 012 358 2111 of 012 327 0147 of e-pos customercare@tshwane.gov.za.
Watermeterlesings (deurgee) – rooster vir 2018 beskikbaar by www.tshwane.gov.
Registrasie om te stem (2019): **10 en 11 Maart 2018** (www.elections.org.za/MyIEC/Account/Register).